# Kraggakamma Huisgeloof
## vir kleingroepe, families en stiltetyd
**(13 – 17 September 2021)**

---

## Personalia
Waaraan dink jy eerste wanneer jy die woord “Christen” hoor?

## Gebed, Lof en Aanbidding
Gee vir elkeen geleentheid om te sê waarvoor julle saammet hom/haar kan bid. Bid saam.

## Gespreksvrae:
**Skriflesing:** 1 Joh 2:3-6
**Tema:** ‘n Christen leef soos Christus.

Lees die volgende deur en gesels dan saam oor die beskrywing van Christen-wees:

1. **Ek het in geloof Jesus as Verlosser aanvaar.**

[29]Toe het die bewaarder 'n lig gevra, die sel ingestorm en bewend voor Paulus en Silas neergeval. [30]Hy het hulle buitekant toe gevat en gevra: “Menere, wat moet ek doen om gered te word?” [31]Hulle antwoord hom: “Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.” (Hand 16:29-31)

2. **Ek is ‘n nuwe mens. Ek het Jesus se vergifnis en verlossing ontvang.**

[17] Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. [18] Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou. 2 Kor 5:17-18

3. **Die Heilige Gees bly in my.**

Wat julle betref: julle het iets van Jesus gekry wat julle lewe totaal verander: sy Gees het by julle kom bly. So het Hy julle in sy spesiale span vir hierdie wêreld gesit. Hy wil hê julle moet spesiale dinge vir Hom doen… (1 Joh 2:27a, Boodskap)

4. **Ek bely sy Naam voor mense.**

[32]“Elkeen wat hom voor die mense openlik vir My uitspreek, vir hom sal Ek My ook openlik uitspreek voor my Vader wat in die hemel is. [33]Maar hom wat My voor die mense verloën, sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemel is.” (Matt 10:32-33)

5. **Ek gee myself as ‘n lewende dankoffer aan Hom. Hy is nommer 1 in my lewe.**

Ek wil ‘n baie ernstige versoek tot julle rig. Ek doen dit omdat julle begryp hoe baie God vir julle omgee. Gee julle hele lewe aan Hom. Julle moet lewende offers in God se hand wees.

‘n Lewe wat voltyds afgesonder is vir Hom is presies waaroor godsdiens gaan. (Rom 12:1, Boodskap)

6. **In die Here se krag wen ek in die oorlog teen sonde en die duiwel.**

[10]Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag. [11]Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel. [12] Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug. (Efes 6:10-12)

7. **Ek is oppad hemel toe.**

[11]En die getuienis behels dít: God het ons die ewige lewe gegee, en dié lewe is deur sy Seun. [12]Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie. [13]Hierdie brief skrywe ek vir julle, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo. (1 Joh 5:11-13)

**Wat sê die Here vir jou in die verse hieronder oor Christenwees?** (uit die Boodskap)
Iemand wat beweer: “Ek ken Hom baie goed,” maar nie doen wat Jesus vra nie, natuurlik ’n leuenaar. So iemand kan nie eens “waarheid” spel nie. Die liefde wat God gee, blom en bloei juis in hom wat gehoorsaam luister na wat Jesus wil hê. Ons moet dus nie net praat oor wat Hy wil hê nie. Ons moet elke dag daarvan werk maak om presies te leef soos Jesus geleef het. So kan ons seker wees dat ons deel van God se familie is en bly. (1 Joh 2:4-6)

# Uitsending

Christene is God verteenwoordigers om die aarde. Hoe vaar jy/julle met hierdie uitdagings?

**Hier is 10 “groen” uitdagings vir September maand (en elke maand daarna):**

- Herwin papier, glas en plastiek
- Spaar water
- Gaan stap en geniet God se skepping
- Tel rommel op soos julle stap
- Besluit om iewers heen te stap eerder as te ry
- Plant ‘n boom of groente
- Kyk ‘n ekologie fliek of dokumentêr saam
- Skenk ‘n kombers of dierekos aan ‘n plaaslike dierebeskermingsvereniging
- Eet een dag lank geen vleis nie

# Info blad

Alle aankondigings verskyn op die Kommunikamma, wat ook op ons webblad beskikbaar is. Ons vestig julle aandag op die volgende belangrike sake:

**GETUIENIS**

**Indien enige iemand julle getuienis met die gemeente wil deel, moedig ons julle aan om dit te doen. Kontak asb met een van die dominees of met Niekie.**

**Dinsdag 14 September**

**Voedselhulp aan PE-Noord**

Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. Die nood raak steeds groter. Hul gee ook nou toebroodjies vir 40 kinders wat honger gaan slaap en skool toe gaan. Hulle vra vir donasies van smeergoed. Dankie vir elkeen se ondersteuning. **Behalwe vir die skenkings van kos en klere ontvang, is reeds meer as R247 423,66 gebruik om kos aan te koop. Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.**

Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by Willie en Gaynor Swanepoel (Abeliasingel 23) afgelaai word. U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.

**TERUGVOERING VAN DIE 2020/2021 BOEKJAAR**

Die state van die gemeente is deur die ouditproses en die kerkraad het met die afgelope kerkraadsvergadering die Geouditeerde State goedgekeur. Die state asook ‘n samevatting daarvan is op ons webwerf beskikbaar by http://www.ngkraggakamma.co.za/index.php?destination=Administrasie

Die gemeente se surplus vir die afgelope boekjaar was R250 383.77. Ons 4 groot inkomstes is maandelikse-, tiendemaand-, erediensdankoffers en kermis. Ten spyte van die feit dat ons net ‘n baie verkleinde kermis kon hou en erediensdankoffers baie minder is omdat ons nie eredienste kon hou nie, het ons totale inkomste uit die 4 bronne gestyg met R123 985.15 teenoor die vorige boekjaar. Ons dank die Here wat voorsien het deur elke lidmaat se dankbare bydrae!